

Recewed 28/02/92



# Vereniging van Streeksopleidingsentrums Association of Regional Training Centres

(Sentrums geregistreer in terme van die Wet op Mannekragopleiding van 1981)  
(Centres registered in terms of Manpower Training Act of 1981)

Tel no: (011) 396-1500/1  
Faks/Fax: (011) 396-1502

Posbus/P.O. Box 11076  
ASTON MANOR  
1630

Villa Valencia 9 Villa Valencia  
Monumentweg/Monument Rd  
Glen Marais  
KEMPTON PARK, 1619

28 Februarie 1992

Die Sekretaris  
Codesa  
World Trade Centre  
KEMPTON PARK  
1619

Geagte heer

## VERENIGING VAN STREEKOPLEIDINGSENTRUMS: MEMORANDUM OOR DIE STRATEGIESE WAARDE VAN STREEKOPLEIDINGSENTRUMS

*value*

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om die aangehegte memorandum aan u organisasie voor te lê.

Ek sal graag by geleentheid verder met u oor die inhoudelike hiervan wil gesels en sien uit na sodanige ontmoeting. Sou u intussen enige verdere inligting verlang sal ek dit met graagte verstrek.

Die uwe

  
John Goosen  
Uitvoerende Beampste

JG/lcm/T115.L236

APEX  
(BENONI)  
(011) 8453162

CENTRAL REGION  
(BLOEMFONTEIN)  
(051) 470381

BOSKOP  
(POTCHEFSTROOM)  
(0148) 981116/7

CHAMDOR  
(WITWATERSRAND)  
(011) 4101340/8

WEST CAPE  
(CAPE TOWN)  
(021) 542420

EASTCAPE  
(PORT ELIZABETH)

NATAL  
(PINETOWN)

NORTHERNS  
(PRETORIA)

VAAL TRIANGLE  
(VANDERBULPARK)

VERENIGING VAN STREEKSOPLEIDINGSSENTRUMS : MEMORANDUM OOR DIE  
STRATEGIESE WAARDE VAN STREEKSOPLEIDINGSSENTRUMS

1. INLEIDING

Hierdie memorandum is voorberei om u toe te lig oor die besondere strategiese rol wat Streeksopleidingsentrums huidiglik, maar veral in die nuwe Suid-Afrika moet vervul. Eweneens wil ons graag sekere aanbevelings aan u voorle in welke opsigte - aan die Streeksopleidingsentrums ondersteuning verleen kan word.

Professor Pieter de Lange het by geleentheid opgemerk dat die Streeksopleidingsentrums in der waarheid die **VYFDE** dimensie in Suid-Afrika se opvoedingsraamwerk verteenwoordig.

Die Streeksopleidingsentrums staan hulle plek vol naas instellings soos universiteite, teknikons, tegniese kolleges en skole. Skole word spesifiek genoem aangesien die opleidinge binne die teikengroep van die Sentrums oor die algemeen oor min of geen geletterdheid beskik nie.

Die inherente buigbaarheid wat 'n kenmerk van hierdie Sentrums is, maak hulle uitnemend geskik om by die uitdagings wat die snel veranderde opleidingsvereistes inhou, aan te pas.

2. TEIKENGROEP

Opleiding by die Streeksopleidingsentrums dek 'n breë terrein. Soos in die geval van meeste van die wetgewing wat deur die Departement van Mannekrag administreer word, word geen onderskeid gemaak betreffende die bevolkingsgroep of geslag van opleidinge nie.

Die opleiding strek oor die hele volwasse ouderdomsgroep en bedien van die ongeletterde na enige graad van geletterdheid asook van die ongeskoolde tot enige graad van geskooldheid. Die totale spektrum van die nywerheid, handel, landbou en plaaslike owerhede word ingesluit.

Streeksopleidingsentrums is spesifiek daargestel om aan die enorme groep ongeskoolde en halfgeskoolde werkers opleidingsgeleenthede te bied. Van die nagenoeg 10 miljoen ekonomies-aktiewe mense in Suider-Afrika is ongeveer 37 % ongeskoolde werkers en 47 % halfgeskoolde werkers. Die "Lost Generation" is hier op die voorgrond. By hierdie groep kan die **grootste** bydrae tot produktiwiteitsverhoging teen die **laagste** koste gemaak word. Die wesentlike bydrae van Streekopleidingsentrums kan nouliks oorbeklemtoon word. Daarbenewens word die Sentrums met relatiewe lae kapitaal- en lopende kostes bedryf.

### 3. STIGTING, MISSIE EN FUNKSIES

Die laat sestiger jare staan in die teken daarvan dat sektore van die Handel en Nywerheid die behoefte geïdentifiseer het dat formele inrigtings vir die opleiding van persone in 'n wye reeks vaardighede, gevestig moet word. Die uiteinde van velerlei gesprekke en onderhandelinge was die totstandkoming van 9 Streekopleidingsentrums landswyd. Besonderhede is soos volg :

- |    |                               |                |
|----|-------------------------------|----------------|
| 1. | Natal Opleidingsentrum        | Pinetown       |
| 2. | Oos-kaap Opleidingsentrum     | Port Elizabeth |
| 3. | Wes-kaap Opleidingsentrum     | Kaapstad       |
| 4. | Vaaldriehoek Opleidingsentrum | Vanderbijlpark |
| 5. | Chamdor Opleidingsentrum      | Krugersdorp    |
| 6. | Apex Opleidingsentrum         | Benoni         |
| 7. | Noordelike Opleidingsentrum   | Pretoria       |
| 8. | Boskop Opleidingsentrum       | Potchefstroom  |

## 9. Sentraal Opleidingsentrum

Bloemfontein

Onder hulle beheer is 60 satellietentrums en vele ander opleidingspunte gevestig. Hierdie geografiese verspreiding waarborg 'n gesogte opleidingsdiens in beide landelike en stedelike omgewings. Mobiliteit is 'n uitstaande kenmerk van al 9 Sentrums. Mobiele opleidingseenhede wat tot die verste uithoeke kwaliteit opleiding kan uitdra en die implimentering van opleidingspunte is verdere unieke kwaliteite.

'n Verslag deur Mnr L N van der Schyff van die Nasionale Opleidingsraad oor Riglyne vir die strukturering en implimentering van entrepreneursopleidingsprogramme by groeppopleidingsentrums (1989) (nou bekend as Streeksopleidingsentrums) bepaal ondermeer.

"Die missie van groeppopleidingsentrums word daarin weerspieël dat hulle as outonome liggame 'n leidende rol speel in die vaardigmaking, dit wil sê die opleiding en ontwikkeling van mannekrag volgens vooraf geïdentifiseerde behoeftes en waar sodanige behoeftes nie in die kurrikula van tradisionele opvoedkundige instansies vervat is nie."

Vanuit hierdie missie kan die volgende doelstellings geïdentifiseer word :

- om kursusse te verskaf wat die gemeenskaplike opleidingsbehoefte van plaaslike nywerhede en georganiseerde landbou kan dien
- alle werknemers in verskillende beroepsrigtings op te lei
- om persone in staat te stel om deur verhoogde werkvaardighede makliker werk te bekom

- om op direkte en indirekte wyse werkskepping te bevorder
- om positiewe gesindhede en motivering by werklooses te kweek
- om die menswaardigheid, selfvertroue en selfbeeld van werksoekers en werklooses te herstel
- om beter intergroepverhoudinge te bewerkstellig
- om mense se algemene lewenskwaliteite te verhoog.

Die sosio-ekonomiese, sosio-politieke, psigo-sosiale en welvaartskeppende motiewe van groeopleidingsentrums blyk baie duidelik uit die bogenoemde opsomming .....

(H)ierdie sentrums (het) in die enkele dekade van hulle bestaan nie alleen geloofwaardigheid in nywerheidsverband verkry ..... nie, maar bowendien ook erkenning, aansien en geloofwaardigheid by minder-ontwikkelde gemeenskappe.

"Groeopleidingsentrums (het) as opvoedkundige instellings 'n uiters belangrike taak ..... een wat in die Suid-Afrikaanse konteks selfs nog wyer implikasies het."

### 3. FINANSIES

Kursusgelde wat deur of namens opleidlinge betaal word, vorm die basis van inkomste. Deur middel van verskeie programme bestee die owerheid tans ook fondse aan opleiding by Streekopleidingsentrums.

Die Regering se bewilliging van 'n konstante bedrag vir 5 jaar ten opsigte van werklose opleiding word besonder

waardeer. Inflasie is egter besig om sodanige konstante bedrag jaarliks progressief te verminder met 'n meegaande stagnasie wat die Sentrums reeds ervaar.

Die Departement van Mannekrag se uitspraak: "Volle benutting van die Sentrums se opleidingskapasiteit teen aanvaarbare kursusgelde is nie net noodsaaklik vir die behoud van die Sentrums nie, maar ook vir die Regering se strewe om die optimale opleiding van die Republiek van Suid-Afrika se mannekrag te bevorder" bevestig die noodsaaklikheid dat alles moontlik gedoen moet word om hierdie Sentrums optimaal binne 'n toekomstige nuwe Onderwys - en Opleidingsbedeling te laat funksioneer. Hierdie outonome instellings wat deur die privaat-sektor bestuur word, is van mening dat hulle in 'n vennootskap is met die owerheid en is oortuig daarvan dat die owerheid 'n opleidingsbelegging in menslike kapitaal deur middel van die Sentrums moet maak. Daar is miljoene mense (agtergeblewe gemeenskappe) wat nooit die voorreg van formele skoolbywoning gehad het nie wat na ons mening steeds die owerheid se finansiële ondersteuning vereis.

Dit wil vir ons voorkom asof daar opnuut besin sal moet word op welke wyse die Staat en die privaatsektor gesamentlik of in vennootskap hulle finansiële hulpmiddele vir opleiding behoort aan te wend.

#### 4. TOEKOMSTIGE ONTWIKKELINGE

##### 4.1 Nywerheidsopleidingsraade

Die Wysigingswet op Mannekragopleiding maak voorsiening vir belangrike klemverskuiwings in opleidingstrukture in die R.S.A.

Met die stigting van Nywerheidsopleidingsraade neem

elke nywerheid die inisiatief en verantwoordelikheid vir daardie bedryf se opleiding. Sodanige rade akkrediteer opleidingsinstansies om opleiding vir hulle bedrywe te doen. Die 9 gevestigde Streeksopleidingsentrums met hulle landswyd verspreide infra-strukture, mobiliteit en mobiele opleidingseenhede kan hierin 'n sleutelrol - vertolk. Dit sou immers nie in landsbelang wees dat duplisering van opleidingsfasiliteite plaasvind terwyl bestaande inrigtings onderbenut gelaat word nie.

#### 4.2 Onderwys Vernuwing

Die huidige besprekingsdokument omtrent die Onderwys Vernuwingstrategie lê spesifiek klem op die skakeling tussen die formele en nie-formele onderwys. Laasgenoemde kan omskryf word as beplande, gestruktureerde onderwys wat by, of deur enige instansies voorsien word met die oog op die verwerwing van 'n kwalifikasie anders as 'n graad, sertifikaat of diploma wat by of kragtens 'n wet vir formele onderwys ingestel is. Soos die formele onderwys dus betrokke is by die bevestiging van die opleibaarheid van die leerder, behoort die nie-formele onderwys of die opleidingswêreld ook 'n bydrae te lewer om die opleibaarheid van die individu te verseker. In die Suid-Afrikaanse konteks behoort die bydraes tweërlei van aard te wees. Eerstens moet daardie leerlinge wat die skool by 'n uittreepunt verlaat en die beroepswêreld (bv handel en nywerheid) betree, ten opsigte van werkvaardighede deur middel van vaardigheidsopleiding, toegerus word.

Die uittreepunte wat hier ter sprake is, is veral die voorgestelde uittreepunte aan die einde van standers 5 en 7. Aangesien die leerlinge ook met hulle uittrede uit die formele skoolonderwys hul voorneme bevestig het om die wêreld van werk te betree, waar

laer skoolkwalifikasies vereis word, behoort hulle opleibaarheid in breë vaardigheidsrigtings, byvoorbeeld die handelsrigtings, die tegnologiese - of ambagrigtings, die landbou of die huishouding en voedselverwerking, verstewig te word.

In Tweede bydrae deur die opleidingswêreld ten opsigte van die opleibaarheid van die individu is die groot getalle persone (hoofsaaklik Swartmense - die sogenaamde "Lost Generation") wat as gevolg van 'n onstabiele sosio-politieke situasie in die samelewing op 'n lae opleibaarheidsvlak verkeer. In hierdie geval is dit nodig dat die nie-formele onderwysstelsel vir 'n volledige opleibaarheidspakket voorsiening maak wat ten minste opleiding in geletterdheid, syfervaardigheid, bekwaamheid tot selfhandhawing in die verskillende lewensvaardighede en ook die werkvaardigheid in 'n bepaalde beroepsrigting insluit. Skakeling tussen formele en nie-formele onderwys lê dus nie net in die vestiging van kwalifikasie strukture wat deur beide erken word nie, maar ook in die aard en inhoud van die onderwys en opleiding wat aangebied moet word en reeds aangebied word.

Streekopleidingsentrums sou hoofsaaklik vaardigheidsopleiding verskaf maar het langsamerhand ook ander terreine in die opleidingsveld (nie net die laervlak vaardigheidsopleiding), betree terwyl al die bevolkingsgroepe bedien word. Die aard van die opleiding word steeds deur vaardigheidsopleiding gekenmerk maar strek oor die breë kontinuum van lae vlak tot hoë vlak vaardigheidsopleiding in geïdentifiseerde werksterreine. Die Streeksopleidingsentrums beskik vandag oor 'n nasionale netwerk van hoofentrums, satelliet sentrums, opleidingspunte en mobiele opleidingseenhede wat beide die stedelike sowel as plattelandse gebiede met opleiding bedien.

Die dienste wat op hierdie manier aan die gemeenskap gelewer word, word sodanig geag dat daar nog nie 'n enkele voorval van betoging, staking of ander ontwrigting by enige sentrum ondervind is nie.

Die mees onlangse ontwikkeling by opleidingsprogramme wat by die Sentrums verskaf word, is dat daar oorgeskakel word na bevoegdheidsgerigte, modulêre opleidingsprogramme.

Dit verseker dat effektiewe opleiding volgens gekose modules meer koste-effektief verskaf word. Teen hierdie agtergrond bevestig Streekopleidingsentrums hulle onbetwisbare plek in 'n nuwe onderwys - en opleidings bedeling in Suid-Afrika.

## 5. SAMEVATTING

Streekopleidingsentrums landswyd beskik oor die verlangde kundigheid, ervaring en infra-struktuur om wesentlike bydraes te kan maak ten opsigte van onder andere :

1. Die getalldruck op skole te verlig.
2. Om leerders verantwoordelik vir die hoë uitvalsyfer uit die skole te akkommodeer.
3. Om vir daardie leerders wat die arbeidsveld met 'n laer onderwyskwalifikasie betree, die nodige beroepsopleiding te verskaf.
4. Om leerders wat die ouderdomsperke van skole oorskry te akkommodeer.
5. Om die idee van die onderwys as "geslote-geleedere-bedryf" te verander.

6. Om geletterdheidsopleiding en ander programme wat nodig is om die opleibaarheid van die individu te optimaliseer, aan te bied.
7. Om op die medium - en langtermyn as opleiding-voorsienings punt, in aansluiting met die uittreepunte uit die formele skoolonderwys, op te tree en
8. Om op die kort - en medium termyn die opleibaarheid van die sogenaamde "Lost Generation" te verhoog.

Streekopleidingsentrums sien hulself as instrumente wat 'n belangrike bydrae tot die oplossing van Suid-Afrika se onderwys - en opleidingsproblematiek kan lewer. Met 'n positiewe beeld by kliënte kan dié Sentrums hulle kundigheid en infra-struktuur in landsbelang aanwend. Hiervoor is finansiële staatsondersteuning nodig.

Streekopleidingsentrums is reeds tot 'n groot mate die sogenaamde "gemeenskapskole" wat tans sterk op die voorgrond staan. Staatsondersteuning tesame met ondersteuning uit die privaatsektor (insluitende buitelandse fondse) kan deur die Sentrums se opleidingsprogramme 'n wesentlike bydrae tot die Suid-Afrikaanse onderwys en opleidingsproblematiek maak. Streekopleidingsentrums sien sy enorme taak in die toekoms as 'n reuse uitdaging.



MANAGEMENT COMMITTEE \ CORRESPONDENCE \ ACKNOWLEDGEMENT

Mnr J Goosen  
Uitvoerende Beampte: Vereniging van Streeksopleidingsentrums  
Posbus 11076  
ASTON MANOR  
1630

23 Maart 1992

Geagte Meneer Goosen

Ontvangs van u skrywe gedateer 28 Februarie 1992 word erken.

U belangstelling in die werksaamhede van KODESA, soos blyk uit u brief word waardeer. U skrywe sal onder die aandag van die betrokke werkgroep gebring word.

Vir u aandag word meegaande Verklaring van Voorneme (tans slegs in Engels beskikbaar) aangeheg. Die dokument is op 20 Desember 1991 deur die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika aanvaar.

Met vriendelike groete

  
Murphy Morobe  
KODESA ADMINISTRASIE

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA

PO Box 307, Isando, 1600, South Africa.  
Telephone (011) 597-1198/99. Fax (011) 597-2211